SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 14 AUGUSTUS 2005.

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

SARL SE RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE OPE DAG 'N MOET TEN EINDE OP HOOGTE TE BLY MET TEGNIESE ONTWIKKELINGS IN AMATEURRADIO

'N VOORLEGGING DEUR OKOSA TYDENS DIE SARL RTA OPE DAG

INTERNASIONALE LIGTORING- EN LIGSKIPNAWEEK

'N PROVINSIALE HAMNETVERGADERING VIR GAUTENG-SUID EN DIE VAALDRIEHOEK

DIE SARL SE EIE ELEKTRONIESE QSL-DIENS BEKEND GESTEL.

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675 2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Sarlnuus maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

Die nuus volg in besonderhede:

SARL SE RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE OPE DAG 'N MOET TEN EINDE OP HOOGTE TE BLY MET TEGNIESE ONTWIKKELINGS IN AMATEURRADIO

Die SARL se Radiotegnologie-in-Aksie ope dag op 20 Augustus is 'n moet indien jy op datum wil bly met nuwe ontwikkelings in amateurradio. Die driestroomprogram sluit lesings in oor 'n wye reeks van onderwerpe wisselende van die ontwerp en bou van 'n laekrag send/ontvanger tot konstruksietegnieke vir tuisbou tot DX- en kompetisiewerking, satelliete vir beginners en voortplanting. Besoek www.sarl.org.za vir die volledige program of versoek dit per e-pos vanaf armi@sarl.org.za en 'n kopié sal per e-pos of faks aan u gestuur word. Onthou om u e-posadres of faksnommer te verskaf.

Tydens die ontbyt vir die 80ste herdenking van die SARL sal die Siemens Radioamateur-van-die-Jaar-, die Amateurradiogemeenskapsdiens- en die 2005 konstruksietoekennings oorhandig word. Die hoofspreker is Mev Lyndall Shope-Mafole, die Direkteur-Generaal van die Departement van Kommunikasie. Alhoewel bywoning van die ontbyt per uitnodiging is, is 'n aantal kaartjies teen R75 elk beskikbaar. Doen besprekings per e-pos aan armi@sarl.org.za voor 18 Augustus. Besprekings sal volgens 'n eerste in eerste kry basis toegeken word. Daar sal geen kaartjies by die deur beskikbaar wees nie.

Toegang is R20 vir volwassenes; vir leerders en studente is dit gratis. Elke R20-kaartjie word in die trekking vir een van die bywoningspryse geplaas wat twee Icom IC-V82 draagbare stelle van Multisource Telecomms as ook 'n weerligbeskermingseenheid wat deur Clearline geborg is, insluit. Die bywoningspryse sal gedurende die finale voltallige samekoms aan die einde van die dag geskied. Bring 'n opwindende amateurradiodag by die Nasionale Amateurradiosentrum deur. Verversings en middagete sal beskikbaar wees vanaf die Sentechrestourant of bring jou eie piekniekmandjie saam.

'N VOORLEGGING DEUR OKOSA TYDENS DIE SARL RTA OPE DAG

Wojtek Skowronski, die Algemene Bestuurder vir Ingenieursdienste by OKOSA, sal tydens die ope dag'n aanbieding doen oor OKOSA se huidige en toekomstige siening oor kraglynkommunikasie. Wojtek was onlangs die hoofspreker tydens die tweede Suid-Afrikaanse kraglynkommunikasiekonferensie. Kom luister na wat die reguleerder se siening oor KLK en sy toepassings is.

SARL HF-FOONKOMPETISIE

Logstate is van ZS4BS, ZS4JAN, ZR6WDC, ZS6TDF, ZS4VR, ZS1AJS en ZS5NK ontvang.

Maak asseblief seker dat u die Algemene Kompetisiereëls sowel as die reëls vir HF-foon- en GG-kompetisie lees.

Logs wat nie aan die reëls, soos in die Blouboek neergelê, voldoen nie sal teruggestuur word.

INTERNASIONALE LIGTORING- EN LIGSKIPNAWEEK

Die 2005 Internasionale ligtoring- en ligskipnaweek sal op 20 en 21 Augustus plaasvind. Die Kaapstad Amateurradiosentrum sal die Groenpuntligtoring aktiveer en die Overberg Amateurradioklub sal die Dangerpuntligtoring beman.

Bud, ZS1B, was in kontak met James Collocott van Ligtoringdienste van die Nasionale Haweowerhede, en James het die kontakbesonderhede van sy kollegas, wat die besoeke sal ko-ordineer, gegee. Vir die Weskaap - Port Nolloth tot by Mosselbaai, kontak Barnie Germishuys by 083 388 9521. Vir die kus vanaf Kaap St Francis tot by M'Bashe kontak Chris Deysel by 083 460 2058, en vir Kwazulu-Natal kontak Robin Poggenpoel by 083 388 9502.

Baie dankie aan Bud vir hierdie skakelwerk.

'N PROVINSIALE HAMNETVERGADERING VIR GAUTENG-SUID EN DIE VAALDRIEHOEK

'n Provinsiale Hamnetvergadering vir Gauteng-Suid en die Vaaldriehoek word gehou op Saterdag 27 Aug 2005 te Coen Labuschagnestr 79 (h/v Suttmanstr), Rensburg, Heidelberg. Tyd is 14:00 vir 14:30.

Alle klubvoorsitters, verteenwoordigers en belangstellendes word uitgenooi. Alhoewel spasie 'n bietjie beperk is kan tot 30 mense ingepas word.

Daar is baie sake om te bespreek so maak asseblief 'n groot aantekening in jou dagboek. Laat weet ook asseblief alle klublede.

Die vergadering sal bygewoon word deur Hamnet se Nasionale Direkteur Francois, ZS6BUU, en moontlik die President van die SARL, Graham, ZS6GJH.

Die vergadering sal soos normaal gevolg word deur 'n bring-en-braai. As enige dames die verrigting gaan bywoon sal 'n slaatjie ook welkom wees. Bring ook net klapstoeltjies saam aangesien daar nie genoeg stoele sal wees nie.

Inroepe sal geskied op 145,500 nasionale roep. Dit sal baie waardeer word indien u sal laat weet of u kom sodat die organiseerders kan weet hoeveel mense teenwoordig sal wees.

Vir enige verdere navrae skakel Chris, ZS6VB, by 083-338-7070 of stuur e-pos aan zs6vb@kodaknigel.co.za.

UITSLAE VAN DIE HAMNET GESIMULEERDE NOODKOMPETISIE

Al Akers, ZS2U, Provinsiale Direkteur, Hamnet Ooskaap doen as volg verslag:

Weereens was hierdie kompetisie opwindend en genotvol. Dit is jammer dat daar net een multi-operateurinskrywing was. Wat doen die klubs dat hulle nie 'n stasie oprig en deelneem nie?

Baie geluk aan die wenners: Enkeloperateur stilstaande mobiel: ZR5AG; Enkeloperateur draagbaar: Michael, 7P8BHF; Multioperateur draagbaar: Sid, ZS6AYC; EnkelOperateur Basisstasie: Jan, ZS4JAN.

Die volledige uitslae is:

Enkeloperateur stilstaande mobiel: ZR5AG - 1 575 punte; Keith, ZS6AGF - 1 116 punte; Pieter, ZS5SK - 936 punte; Andrew, ZR1SBM - 896 punte; Chris, ZR6MVK - 372 punte.

Enkeloperateur draagbaar: Michaela 7P8BHF - 3 297 punte; Oosranda ARK ZS6ERB - 2 034 punte; Ala ZS2U - 1 785 punte; Dennisa ZS4BS - 1 512 punte; Andre ZS2AJa - 672 punte.

Multi-operateur draagbaar: Sid, ZS6AYC - 1 386 punte.

Enkeloperateur, Basisstasie: Jan, ZS4JAN - 2 016 punte; Graham, ZS6/G0NBI - 1 848 punte; Bill, ZS2ABZ - 868 punte.

Dankie aan almal wat logstate ingestuur het!

DIE SARL SE EIE ELEKTRONIESE QSL-DIENS BEKENDGESTEL.

Met die groeiende gewildheid van elektroniese QSL-bevestiging het die SARL die uitdaging aanvaar om aan sy lede so 'n diens te verskaf.

Waarom 'n diens slegs vir Suider-Afrika? Nou dat soveel amateurs sagteware soos Logger32 en ander gebruik vir logstate is dit makliker as ooit om QSO's uit te voer in die aanlyn e-QSL-sisteme. Die SARL-sisteem maak voorsiening vir alle logprogramme wat aan ADIF voldoen, sowel as invoer per hand en 'n vinnige antwoordopsie.

In Suid-Afrika tel kontakte tussen mede Suiderafrikaanse Amateurs vir SARL-toekennings sowel as die gesogte "Worked all ZS" toekenning asook vir ZR'e wat hul lisensies wil opgradeer deur die operasieprestasierigting te volg.

Met die nuwe QSO-bevestigingsisteem op sy plek sal die bymekaarmaak van daardie QSL's baie makliker wees. Wees op die uitkyk vir daardie "YOU have QSL's" ikoon bo-aan die SARL-webtuiste wanneer u weer inskakel.

Die SA-QSL-sisteem sal in DEMO-modus loop vir die volgende paar dae om almal 'n kans te gee om te eksperimenteer sonder om die sisteem te breek. So, gaan voort, speel en raak bekend met hierdie nuwe item op die SARL-webwerf. Besoek www.sarl.org.za vir meer inligting.

TERUGVOERING - APRS-EKSPERIMENT BY RUSTENBURG NATUUR-RESERVAAT , 30 Julie 2005

Alles was teen die sukses van die oefening, dit is 'n baie bergagtige omgewing en die ZS0RTB-1 herhaler was amper 40 km vanwaar die wedloop plaasgevind het en definitief nie altyd in sig nie. Die handstel was gestel vir 'n maksimum kraguitset van 5 Watt om die moontlikheid om die herhaler te sneller te verhoog. Die GPS het goed gewerk en die satellietontvangs was ook goed.

Kommentaar vanaf Johan, ZS6JPL: "It was quite fun today checking your run. I made sure you went out on the APRS IGATE all the time." en ook van Johnny, ZS6BAJ, "I had fun finding you. I had almost given up but it seemed either you started beaconing late or you just started a tad later than you anticipated. It was almost like winning the jackpot when I saw the jogger icon pop up on the map". Algeheel was die oefening 'n groot sukses. Eddie, ZS6BNE, vra dat verslae na sy soutmynadres gestuur word by facman@nwk.co.za omdat sy zs6bne e-posadres 'n limiet het op die hoeveelheid data wat dit kan hanteer en kon moontlik e-posse verlede naweek geweier het.

ZS1OAR VERKIESING

Op 30 julie 2005 het ZS1OAR (Overberg Amateurradioklub)vergader en onder andere 'n ondervoorsitter tot die komitee van ZA1OAR verkies. Ons sê baie geluk aan ZR1AM, Andrè Meintjes, van Swellendam. Die vergadering is afgesluit met 'n braai. As voorsitter wil ek ook baie dankie sê aan almal wat van

vêr af gereis het om die vergadering by te woon. Aldus Len van Riel, ZS1LEN (voorsitter).

HAM RADIOBESIGHEID: WWW.CQYELLOWPAGES.COM

'n Texasamateur het 'n nuwe webtuiste daargestel wat, hy sê, daar is om ander amateurs te help om hul produkte en dienste te bemark. Barry Goldblatt, WA5KXX, sê dat sy CQ-geelbladsye amateurs in staat sal stel om inligting aangaande hul besigheidsprodukte en dienste volgens kategorie in 'n tenvolle opsoekbare nasionale databasis te plaas.

Goldblatt sê dat die blad voorsiening maak vir meer as 2 600 kategoriëë van A tot Z net soos 'n standaard kommersiële gids. WA5KXX sê dat sy doel is om 'n nasionale kuberruimtemark daar te stel waar adverteerders en besoekers iets in gemeen het. U kan uitvind deur www.cqyellowpages.com op die wêreldwye web te besoek.

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

Die Pretoria Amateurradioklub hou 'n Megavlooimark op Saterdag 3 September 2005. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suid-Kampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 09:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort nie, is welkom. Kom besoek gerus die Megavlooimark in Pretoria. Skakel Almero, ZR6RY, by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Die volgende inligting is van Kobus Olckers se webwerf verkry:

Voorspellings vir Son- en geomagnetiese aktiwiteit:

10 Augustus - 05 September 2005: Laag tot baie lae sonaktiwiteit word verwag.

Die verwagte geomagnetiese veldaktiwiteit is stil to matig stormagtige vlakke gedurende 16 - 17 Augustus en weer op 23 - 26 Augustus.

Langer termyn verwagtinge (6 September tot 6 Oktober 2005):

Vir die hele periode is swak HF-toestande moontlik as gevolg van die sonaktiwiteit se dalende fase. Fakkels met die gepaardgaande deinings en D-laagverswakking van seine is ook moontlik.

Besoek PST se webwerf by www.spaceweather.co.za vir meer inligting asook frekwensievoorspellings.

DAGBOEK VAN GEBEURE

20 Augustus - RTA Ope dag by die NARS; 20-21 Augustus Internasionale ligtoring en ligskip naweek 27 Augustus Hamnet Gauteng en Vaaldriehoek vergadering 13 September - Megavlooimark gereël deur die Pretoria ARK,

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 SAT na Amateur Radio Mirror International op 17 565, 7 205 en 7 082 kHz en op verskeie herhalers te luister. ‘n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees is deur vanuit as ‘n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u ‘n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX